VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Tobie Basson, Luna Kotzé, Neil Pitzer, Jani van der Hoven.
Maandag:	Ria Kielblock, Ronél van Heerden.
Dinsdag:	Nicolas Coolen, Surika Gerber, Natelle Goosen, Sandra Smit, Annemieke Human, Henco Smith, SW van der Merwe, Luca van Niekerk.
Woensdag:	Brian Doyle, Donnie Joubert, Anja Muller.
Donderdag:	Danny Cilliers, Elna Cloete, Magrieta du Toit, Isla Fouché, Helen van Vuuren.
Vrydag:	Amanda Janse van Vuuren, Mariki van der Westhuizen, Wally van Rooyen, Louna van Zyl.
Saterdag:	André Bosman, Charlene Campbell, Dian Kaufmann, Hendrik Pienaar, Eugene Rörich, Megan Starke, Derik Thirion, Bea van der Merwe.

Berg-en –Seeklub vir Senior burgers
Byeenkoms: Donderdag **4 Oktober 2018**
Tyd: 9:30
Plek: Moedergemeente Somerset Wes, Andries Pretoriusstraat, S Wes.
Onderwerp: Raadslid Stuart Pringle praat oor **Munisipale Dienste** in die Helderbergstreek, o.a. die huidige watersituasie (hy sal ook vrae beantwoord) **Annamarie de Klerk** open die byeenkoms en gesels oor haar 47-jaar-verblyf in Malawi. Almal hartlik welkom!
Koste: R10 besoekers, R5 lede.

Gemeubeleerde buitekamers in sentraal Somerset-Wes beskikbaar. Mans persone met vaste inkomste kan vir Soria Delport kontak - 083 367 7955

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou bank– en dankoffer te gee. NB: Stel jou foon se klank op geluidloos.

LIKE ons Facebook-blad:
NG Hottentots-Holland Familiekerk

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste.
Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za of *anoniem* vanaf die webblad http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 23 SEPTEMBER 2018

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00:	NICOLA ALBERTS
SKRIFLESING:	SPREUKE 31:10-31
TEMA:	HET JY JOU 3D BRILLE ONTHOU?

KOM DRINK GERUS TEE NA DIE EREDIENS

DEUROFFERS:

Verlede week is R2533 ontvang vir Free to Serve

Vandag se deuroffer: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.
Ons kerkfamilie het in 1891 met werk in die suide van **Zimbabwe** begin. Die Reformed Church in Zimbabwe se hoofkantoor is op Masvingo. Ons ondersteun onderwys, teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling. Ons kerkverband het in 1889 met werk in **Malawi** begin. In 1924 het die KMAP (Kerk in Midde Afrika Presbiteriaans) ontstaan. Die huidige regering geniet breë steun, want hul veg teen korrupsie. Hulle maak staat op wysheid en bystand van die KMAP leierskap onder andere vir die land se stryd teen armoede, vigs en hongersnood. In venootskap met KMAP ondersteun ons kerkfamilie tans die voortgesette teologiese opleiding, mediese dienste, verpleging, die omgewings-departement wat boomplanting bevorder, weeshuise vir vigswesies en jeugwerk. Ons kerkfamilie se werk in **Mosambiek** (1908-1923; 1973-1980 en weer vanaf 1991) is telkens onderbreek deur regeringsteenkanting en burgeroorlog. Daar is vandag 100 000 lidmate in die Igreja Reformada em Mozambique (IRM). In vennootskap met die IRM ondersteun ons verskeie sendelinge in veraf areas en op Vila Ulongwe verskeie dosente by die IRM teologiese kollege, Hefsiba. Vir meer inligting, gaan gerus na www.kga.org.za.

Volgende week: Hugenote Kollege

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za
Jeugleraar:	Nicola Alberts;	074 313 7745;	nicola@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 9:00 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

SONDAG DIENSBEURTE

DATUM	KERKGEBOU	HUIS VONKE	HELDERBERG SUPPORT CENTRE	ROBARI
23 Sept	Nico van der Mewe	Johan Nel	Bianca Roode	André du Toit
30 Sept	Marietjie Theron	Karin & Karla Maree	Philip Marais	J.C. van der Walt
7 Okt	Charl Veldman	Naas du Preez		

DAGBOEK VIR DIE WEEK

Maandag:		Openbare vakansiedag: Erfenisdag
Dinsdag:	15:30	Gebedsgroep
Woensdag:	08:45	Bybelgesprek
	10:00	Bybelstudie Huis Vonke
Vrydag:	10:00	Familiemark

HAM SKOENDOOS-PROJEK

Daar is nog 'n derde van die kindertjies se name beskikbaar op die Huis Andrew Murray kinderhuis se lys in die voorportaal. Indien jy graag 'n kind wil bederf met 'n kersgeskenk, skryf asb jou naam en kontaknommer langs die spesifieke kind se naam neer. Die wenslysies is ook in die voorportaal, maar jy mag gerus koop soos jou hart jou lei! Lekkergoed, skryfbehoeftes en toiletware altyd nodig. Onthou dat die skoendose teen **Vrydag, 26 Oktober**, reeds by die kerkkantoor ingehadig moet word.

Ons herinner jou graag om nie-bederfbare produkte, toiletware en skoonmaakmiddels op 'n Sondag saam te bring na die erediens of by die kerkkantoor af te laai. Ons probeer om op 'n maandelikse basis kospakkies aan mense in ons eie gemeente te voorsien wat dit nie kan bekostig nie. Jy is ook welkom om 'n finansiële bydrae hiervoor te maak. Baie dankie vir jou hulp hiermee.

B Y B E L G E S P R E K Ons gaan vir die res van die jaar op 'n voëlvlug deur die boek **Openbaring**. Enigiemand is welkom om deel te wees van hierdie gesprekke op Woensdagoggende - 08:45 - 09:45 - in die Familiekamer. Eerskomende Woensdag: Openbaring 6 - Die sewe seëls.

FAMILIEMARK: VRYDAG 10:00 - 12:00

Kom drink koffie en kuier saam. Maak gerus 'n draai nadat jy 11:00 jou kinders by die skool opgelaai het. Sien jou daar!

Oupa en Ouma / Kleinkind Sondag 21 Oktober

Nooi gerus jou oupa en/of Ouma of jou kleinkinders om daardie Sondag die diens in ons gemeente by te woon.

ONDERSTEUN ASB. DIE SIMANYENE MATRIEKS

Simanyene Hoërskool se 235 matrieks gaan gedurende skoolvakansie op 'n kamp by die skool om hulle voor te berei vir die eindeksamens. Die onderwysdepartement ondersteun nie voedingskemas gedurende skool-vakansies nie. Dit sal ongeveer R140 per leerder kos vir die week. Die skool soek borge vir een of meer leerders. Bydraes kan by die kerkkantoor inbeTaal word. Kontakpersoon: Cecile Perold 021 8518657 of 0740555062.

Die **Helderberg Vereniging vir Bejaardes** is hierdie jaar 60 jaar oud.
Hulle beplan 'n "Big Walk" op 10 November 2018 om 8h00 by Vonkepark en benodig skenkings vir die "basaar" tafel.
(Koekies, lekkers of beskuit). Kontak Elise Opperman 0829288570.

Liewe Lidmate, ons is tans besig met die beplanning vir die **NUWE KERK ALMANAK vir 2019**. Ons wil graag die drukkoste verhaal deur geskikte borge te vind wat op die NUWE ALMANAK kan Adverteer.
Die Advertensiespasie is 60mm X60mm teen R950 per plasing volkleur op die hoogste kwaliteit glanspapier.
Kontak gerus Brian Bentley vir verdere inligting. 082 777 0776 of 021 851 3253.

HAM SE 120STE VERJAARDAG

Die **HUIS ANDREW MURRAY-DAMESTEE** vind plaas op **Saterdag, 29 September**, by Hugenote Laerskool in Wellington, van 10:00 - 14:00. Kaartjies kos R120-00 per persoon en die gasspreker (Vasti Manser) het op hul wittebrood 'n Guinness World Record gebreek deur van California tot Hawai te roei in die vinnigste tyd – die vorige beste was deur 'n vier-man span! U kan ook 'n kaartjie koop en skenk as u nie self kan bywoon nie. Ook welkom om as gasvrou vir tafel van 10 op te tree. Kontak asb vir Cecile Perold tel 074 0555 062 of die kerkkantoor vir besonderhede.